# Noak's Ark Independent Primary School

| | |
|---|---|
| Subject: Afrikaans | Examiner: Diale, I |
| Type: End of 3rd Term Exam | Moderator: Teles, K |
| Date: 13 September 2019 | Grade: 3 |
| Marks: 45 Marks | Time: 65 minutes |

Naam:

---

**Instruksies:**

Lees die vrae aandagtig deur voor dat jy begin skryf.

Maak seker dat jy al die vrae beantwoord.

Skenk veral aandag aan spelling, taalfoute en sins konstruksie.

Skryf netjies en leesbaar.

---

## Afdeling A: Luister en praat

1. Luister na 'n eenvoudige vertelling en beantwoord eenvoudige vrae daaroor. (5)

| Rubriek | |
|---|---|
| 5 | Luister uitstekend na stories, kan hoë orde vrae beantwoord bv. Wat dink jy? |
| 4 | Luister en geniet stories, gebruik goeie geforuleerde sinne om vrae te beantwoord. |
| 3 | Luister met aandag, verstaan die storie, antwoord vrae met kort sinne. |
| 2 | Luister vaardigheid begin verbeter, maar kan slegs geselekteerd vrae beantwoord. |
| 1 | Wil graag antwoorde gee maar luistervaardighede nie op standard nie. Beantwoord die vrae deur te raai wat in die prente gebeur. |

2. Gee 'n eenvoudige mondeling oor die storie. (5)

| Rubriek | |
|---|---|
| 5 | Uitstekende luistervaardighede en aandagspan. Kan 'n goeie opsomming of kort vertelling weergee. Gebuik goed gestruktureerde sinne en gebuik 'n goeie woordeskat. Al die nodige vaardighede is uitsekend bemeester deur die leerder. |
| 4 | Luister aandagtig na die storie/nie-fiksie teks. Kan 'n kort vertelling of opsomming gee. Gebruik goed gestruktureerde sinne. |
| 3 | Goeie luistervaardighede. Kan storie opsom of oorvertel deur die mees belangrike feite te noem. Eenvoudige sinne word gebruik. |
| 2 | Gemiddelde luistervermoë. Aandagspan nie konstant nie. Verbale vermoëns nie ten volle ontwikkel nie, gee kort of een-woord antwoorde. |
| 1 | Kort aandagspan, geen aandag gegee aan detail van storie/nie-fiksie teks. Het nie die vermoë om 'n opsomming te gee van die stoerie of nie-fiksie teks. |

____ / 10 Punte (Afeling A)

## Afdeling B: Lees en Klanke

Woordeskat: (reisies – race), (spog – boast), (kort afstande – short distance), (gestuikel – stumbled), (mank – cripple)

Justin kon vinnig hardloop. Hy het altyd eerste in sy reisies gekom. Hy het die meeste van die kort afstande gehou. Justin het daarvan gehou om te spog.

"Julle kan my nie wen nie!" het hy teenoor die ander kinders gespog. "Ek is die vinnigste."

As gevolg van sy grootpratery, het hy geen vriende gehad nie. Toe een atletiekdag het Justin gestruikel terwyl hy gehardloop het. Hy het plat op sy gesig geval. Almal het gelag, en hy het mank geloop tot by die eindpunt, om laaste klaar te maak. Daarna het hy nooit weer gespog nie.

1. Van watter sort reisies het Justin gehou? (1)

(a) perd reisies (b) kort afstande (c) lang afstande

2. Hoekom het hy van hardloop gehou? (1)

(a) Hy het altyd eerste gekom.

(b) Sy bene was lank.

(c) Hy het gespog.

3. Behalwe hardloop, wat het Justin ook van gehou? (1)

________________________________________________

________________________________________________

4. Wat het Justin altyd vir die ander kinders gesê? Haal 'n sin uit die teks. (2)

________________________________________________

________________________________________________

5. Hoe dink jy het hy gevoel toe hy voor almal geval het? (1)

________________________________________________

________________________________________________


________________________________________________

6. Vind 'n woord wat beteken: spog. Dit begin met g. Skryf net die woord. (1)



________________________________________________

## Klanke

**Vraag 1:** Laat die prent jou help om die woorde te skryf wat begin met str-, spr-, skr- (4)

| | | | |
|---|---|---|---|
|  |  |  |  |
| | | | |

**Vraag 2:** Kyk na die prent. Skryf die woord reg. (4)

| | | | |
|---|---|---|---|
|  |  |  |  |
| s o p k r | r f k o e s | s y t r | f r y s k |

**Vraag 3:** Skryf die meervoud vir die woorde. (2)

a. tas - ____________________

b. bus - ____________________

**Vraag 4:** Omkring die korrekte besittelike voornaamwoord in elke sin. (2)

a. Dit is my leesboek. Die leesboek is (syne, myne, hare).

b. Sara sit op 'n stoel. Die stoel is (joune, hulles'n, hare).

______ / 19 Punte (Afdeling B)

## Afdeling C: Skryf en handskrif

Vraag 1: Gebruik 'n woord uit elke kolom om 5 sinne te skryf. (10)

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Ek<br>Jy<br>Hy<br>Sy<br>Hulle | sien<br>het<br>eet | 'n<br>die | lang<br>groot<br>klein<br>kort<br>rooi | hond<br>boom<br>wortel<br>huis<br>koek<br>tou |

1. ____________________________________________

____________________________________________

2. ____________________________________________

____________________________________________

3. ____________________________________________

____________________________________________

4. ____________________________________________

____________________________________________

5. ____________________________________________

____________________________________________

Vraag 2: Skryf een woord wat begin met str- en skr- (die woord mag nie hierbo gegbruik wees nie) (1)

str- ______________________________

skr- ______________________________

Vraag 3: Voltooi die sinne deur die werkwoord te vernder na die verlede tyd. (5)

a. Die seun (is) ____________________ siek.

b. Hy (val) ________________________________.

c. Almal (is) __________________ bly oor die reën.

d. Die skool (begin) ________________________________________.

e. Die kind (lag) ____________________________________________.

______ /16 Punte (Afdeling C)

# Noah's Ark Independent Primary School

| | |
|---|---|
| Subject: Afrikaans | Examiner: Van Wyk, L |
| Type: End of 3rd Term Assmt | Moderator: Böhmer, MA |
| Date: 9 September 2019 | Grade: 6 |
| Marks: 74 Marks | Time: 1 hour 50 minutes |

Name:

# Dawid verstaan diere

Therese Hulme

Dawid is lief vir sy hond en sy kat.
Dawid is ook lief vir die perd wat elke week die viskar trek.
"Hoe kan mens lief wees vir 'n perd?" vra sy suster.
Maar sy suster verstaan nie.
Dawid verstaan diere.

Die hond wat aan die ketting vas is, tjank en tjank.
"Die hond is nie stout nie," sê Dawid.
"Hy tjank, want hy kry seer."
Die kat wat dors is, miaau en miaau.
"Die kat is nie stout nie," sê Dawid.
"Sy miaau, want sy is dors."
Die perd wat baie geslaan word, skop almal.
"Die perd is nie stout nie," sê Dawid.
"Hy skop, want hy is bang en kwaad."

Diere kry ook seer,
diere word ook dors,
diere raak ook kwaad en bang, nes mense.

Dawid weet, want Dawid verstaan diere.

